GKSA NUUSBROKKIES

Sondag 4 September 2022

LIEF EN LEED

Beterskapwense

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir ‘n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op ‘n spoedige herstel toe.

Hartlike gelukwense aan die volgende predikante / professore en eggenotes met hul verjaardae

1 September	Ds MA (Abel) Modise – GK Kwa Thema/Ratanda/Tsakane
	Dr MA (Amos) Sekhaulelo – GK Mmakau
2 September	Mev E (Elzabé) Lartz, eggenote van dr D (Deon) Lartz – GK Edenvale
4 September	Mev MAE (Mara) Myburgh, eggenote van ds AJ (André) Myburgh – GK Springs
	Mev M (Marietjie) Grové, eggenote van ds PJ (Sloet) Grové – GK Wapadrant
6 September	Ds CJJ (Jaco) Putter – GK Potgietersrus
	Mev JM (Joke) Aucamp, eggenote van ds JL (Louis) Aucamp – GK Kemptonpark-Mooifontein
	Mev A (Amor) Boersema, eggenote van ds R (Reinhart) Boersema – GK Vryburg

Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaardae

1 September	Mev F (Freda) Ligthelm, eggenote van ds GJ (Bertie) Ligthelm – GK Olifantshoek
2 September	Mev SJW (Susan) van Bemmel, weduwee van ds H (Henk) van Bemmel – GK Vanderbijlpark-Trinitas
3 September	Mev KE (Elizabeth) Rooibaadjie, eggenote van ds OI (Isaac) Rooibaadjie – GK Maruping
4 September	Ds GH (Henry) Stemmer – GK Jouberton

5 September Mev FR (Fransie) de Beer, eggenote van ds PGW (Pieter) de Beer – GK Rustenburg
Mev AH (Riëtte) Gower, weduwee van ds C (Tiaan) Kruger – GK Nelspruit

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*

Geboortes

Hartlike gelukwense aan

- Ds Hanno en Lizani van Schaik van GK Burgersdorp met die geboorte van ‘n dogtertjie.
- Ds Joop en Marietjie van Schaik van GK Randburg met die geboorte van ‘n kleindogter.
- Ds Braam en Alvira van der Walt van GK Plettenbergbaai/Knysna met die geboorte van ‘n kleindogter.

Doodsberigte

Prof VE (Victor) d’Assonville, is op 25 Augustus 2022 in die ouderdom van 95 jaar en een week oorlede. Prof d’Assonville was die predikant van GK Pietermaritzburg 1954-1961, GK Johannesburg-Sentraal 1961-1965, GK Pretoria-Sunnyside 1965-1970, GK Potchefstroom-Noord 1970-1971, GK Cachet 1971-1974, GK Noordbrug 1974-1978 en as professor TSP 1978-1992.

Mev EAM (Esther) Venter, weduwee van ds RV (Vos) Venter (emerituspredikant van GK Pietersburg,) is op 27 Augustus 2022 oorlede.

Innige simpatie betuiging aan

- Mev Therese d'Assonville met die afsterwe van haar eggenoot en dr Victor en Daleen d'Assonville van GK Postmasburg met die afsterwe van sy vader.
- Ds JC en Esmari Potgieter van GK Tshwane met die afsterwe van haar ouma (mev Esther Venter).
- Ds Johannes en Liezl de Bruyn van GK George met die afsterwe van Liezl se ouma in die ouderdom van 103 jaar en 9 maande.

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroepe bedank

- Ds GP (Gerhard) van Rhyn van GK Komatipoort na GK Wolmaransstad.

Proponente beroepbaar gestel

Proponent AP [Peet] en Lammarié van der Westhuizen
Sel: 078 580 4945
E-pos: peetvdwest@gmail.com

Proponent MD Letebele (David en Emily)
Sel: 079 064 4754 of 073 558 5533
E-pos: serameletebele@gmail.com

Die volgende onderhoud van die redakteur van *Die Kerkblad* op Pta FM word weer op 11 SEPTEMBER 2022 om 07:45 uitgesaai. Luisteraars kan inskakel op 104.2/106.6 MHz of TV oudiokanaal 887.

Klassisvergaderings

Datum	Dag	Klassis	Roepende Kerkraad
06/09/2022	Dinsdag	KwaZulu-Natal Suid	GK Suidkus
06/09/2022	Dinsdag	Krokodilrivier	GK Brits-Wes
09/09/2022	Vrydag	Etosha	GK Windhoek
10/09/2022	Saterdag	Sentraal Oosrand	GK Kemptonpark-Noord
10/09/2022	Saterdag	Groter Johannesburg	GK Dube en GK Tladi
13/09/2022	Dinsdag	Burgersdorp	GK Burgersdorp
13/09/2022	Dinsdag	Boland	GK Bellville-Oos
13/09/2022	Dinsdag	Griekwaland-Wes	GK Kathu
13/09/2022	Dinsdag	Noord-Vrystaat	GK Thabong Oos
13/09/2022	Dinsdag	Verre Oosrand	GK Daveyton
13/09/2022	Dinsdag	Vryburg	GK Knapdaar
13/09/2022	Dinsdag	Waterberg	GK Waterberg
17/09/2022	Saterdag	Piet Retief	GK Pongola
17/09/2022	Saterdag	Wesrand	GK Khutsong
17/09/2022	Saterdag	Suid-Vrystaat	GK Bloemfontein-Suidheuwels
20/09/2022	Dinsdag	Pretoria Moot	GK Pretoria

Kennisgewing aan kerkverband

Aansoek art. 12, Dr A.L.A. (Wikus) Buys

Klassis Pretoria-Moot gee hiermee kennis aan die kerkverband dat Dr Wikus Buys aansoek gedoen het om ingevolge KO, art. 12 na ‘n ander staat van die lewe oor te gaan. Die Klassis Pretoria-Moot het, in die lig van KO, art. 12, met die advies van Streeksinode Pretoria se Deputate art. 49, saam met die Kerkraad van GK Innesdal, die aansoek van Dr Buys deeglik ondersoek en goedgekeur.

Ons is die Here dankbaar vir al die gawes en krag waarmee Hy Dr Wikus toegerus het gedurende sy dienstyd. Dr Buys het die volgende gemeentes bedien: GK Piet Retief (1993-2001), GK Pietersburg-Noord (2001-2010), GK Innesdal (2011-2022). Ons bid hom en sr. Karin die seën van die Here toe op hulle lewenspad.

Namens klassis Pretoria-Moot, Ds. Jonker Venter (Dept. Korrespondensie)

Die Gereformeerde Kerk Innesdal

Predikant
Dr. A L A Buys
079 696 7223

Skriba: Kerkraad met diakens
M A Buys
082 327 3006

Attes-Skriba:
W Wood
084 383 9802

Posbus 23086
GEZINA
0084

Kerkkantoor: 012 331 1230

---

31 Augustus 2022

Geagte Mev. Wymie du Plessis

Dr. A.L.A. Buys – Oorgaan na ander staat van die lewe

Die afgelope Dinsdag (30 Augustus 2022) het die Klassis Pretoria Moot te GKSA Meintjieskop, in lyn met die afgevaardigde Deputate van die Streeksinode, goedkeuring aan Dr. A.L.A. Buys (voormalige predikant van GKSA Innesdal) verleen om oor te gaan, volgens Artikel 12 Kerkorde, na 'n ander staat van die lewe.

Die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Innesdal bid die Here se seën toe vir Dr. Wikus Buys wat vanaf 1 September 2020 voltyds sy roeping by *Begrond* gaan vervul. *Begrond* is 'n gereformeerde navorsingsinstituut waarvan Dr. Buys aan die hoof staan.

Die direksie van *Begrond* het onlangs 'n nuwe mandaat goedgekeur, wat ook behels dat *Begrond* na Orania verskuif word om vandaar op spesifieke sake te fokus:

- Die unieke staanplek wat *Begrond* inneem, is om die gereformeerde *verbondsmatige* denke oor *gemeenskap* en *federalisme* op die voorgrond te stel.
- Vanuit die verbond, as vertrekpunt, sal die hooffokus van *Begrond* se werksaamhede in Orania die *reformasie van arbeid* wees.
- Saam met die Skrifstudie oor arbeid, moet daar dus ook 'n skrifmatige verantwoording gegee word van die korrekte definisie (wat) en die korrekte funksionaliteit (hoe) van 'n stad.
- Die korrekte *beskrywing van arbeid as reformasie* vereis dus logies ook 'n vernuwende taal-woordeskat vir die arbeidsveld. Hoe mens gehoorsaam te werk gaan om jou arbeid te wil reformeer, vereis ook inderdaad 'n *taal-vernuwing*, dws hoe jy oor jou arbeid praat.

- Die mandaat vir *Begrond* in Orania waarmee Dr. Wikus Buys besig gaan wees, behels dus kortliks dat:
  - die federale vertrekpunt van die ***verbond*** Skriftuurlik verduidelik word,
  - die reformasie van ***arbeid*** ten opsigte van die volgende beklemtoon word:
    (i) hoe dit van belang is vir werk in 'n ***stad***,
    (ii) hoe 'n *nuwe* ***taal*** en woordeskat, rakende werk, verwoord kan word
  - 'n ***gemeenskap****like verbintenis* tot die ideaal van Orania verwesenlik kan word.

Hierdie mandaat baken duidelik die taak van *Begrond* af en dit vestig dan ook 'n nuwe raamwerk waaruit daar met alle ander instellings saamgewerk kan word.

Dit is omvangryke profetiese koninkrykswerk en ons bede is dat dit ryklik vrug mag oplewer, ook vir die nageslagte in die toekoms.

Die uwe

M.A. Buys (Skriba: Innesdal)

KURATORE – RAPPORT AAN KERKE

1 AGTERGROND

In die eerste helfte van 2022 leer elke kind van die Here wêreldwyd weer hoe broos ons as mense is. Die oorlogsituasie in die Oekraiëne, vernietigende oorstromings en versengende hitte in verskeie wêrelddele, die ekonomiese uitdagings en sosio-maatskaplike vraagstukke wys op die nood in die wêreld. En dan worstel ons as gelowiges ook nog om getrou te leef!

Binne hierdie konteks het ons as kerk van die Here egter die heerlike voorreg om die evangelie van Jesus te bedien ... die goeie nuus van ons Here wat besig is om alles weer heel te maak! En ons mag hierdie goeie nuus bedien met die wete dat die Here se seënwoorde aan ‘n stukkende, gebroke gemeente in Korinte (2 Korintiërs 13:13) steeds geld: *Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees.*

Die werk by die Teologiese Skool Potchefstroom (TSP) is juis daarom belangrik, omdat jong manne begelei word om uiteindelik hierdie goeie nuus te help bedien. Die Kuratore wat deur die onderskeie Streeksinodes verkies is, het die voorreg om toesig te hou oor hierdie genade-werk by die TSP en het op 26 Julie 2022 vergader.

2 PERSONEEL BY TEOLOGIESE SKOOL

Tans is daar twaalf beroepe professore by die Teologiese Skool betrokke. Hulle is verantwoordelik vir die opleiding en begeleiding van die jonger manne wat toegerus word om mettertyd as bedienaars van die Woord te dien.

Ons professore word in hulle dienswerk by die TSP deur verskeie persone ondersteun. In die afgelope tyd het sr. Elsabé Labuschagne as Registrateur bedank en daarom tree sr. Lieze Coetzer tans waarnemend as Registrateur op. Sy word deur sr. Martie Lakay bygestaan. Ons bid dat ons Here hulle elkeen met sy genadekrag sal toerus in hul dienswerk!

Met die COVID-19-impak wat minder is, kon ons professore in Februarie en Mei Pretoria en die Noord-Vrystaat besoek om daar met lidmate en predikante uit vier Klasses te gesels en ook in verskeie gemeentes tydens eredienste voor te gaan. Hierdie geleenthede versterk die bande tussen die professore en die kerke en sorg dat daar met vertroue saamgeleef kan word.

3 STUDENTE BY TEOLOGIESE SKOOL

Die Kuratore gee met hul vergadering veral aandag aan die groei en ontwikkeling van die studente. Tans is daar 45 studente in die ses jaargroepe, met twee studente wat in 2022 met hul studies begin het en 11 wat DV end 2022 sal afstudeer.

‘n Tendens wat die Kuratore bekommer, is dat al minder broers vir teologiese studie aanmeld. As ons juis die groot nood in ons eie land in gedagte hou, word dit al hoe dringender dat die *voetstappe van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede aankondig, wat die goeie tyding bring, wat redding aankondig* (Jes 52) gehoor sal word. Daarom wil ons as Kuratore die kerke oproep om indringend saam met hul jonger broers die pad te stap om te besin of hulle nie deur die Here geroep word om sy Woord te bedien nie.

In aansluiting hierby besef die Kuratore hoe nodig dit is dat daar genoeg predikante is wat akademies verder studeer – juis om te sorg dat daar persone beskikbaar is wat toegerus is om met die opleiding van ons studente te kan help. Daarom wil die Kuratore spesifiek Kerkrade aanmoedig om hul predikante te stimuleer en te help om hulle met verdere studies te bekwaam.

Die teologiese studente word nie net in die klaskamer vir hul latere dienswerk toegerus nie. Daar is kampe wat plaasvind en praktiese werk wat gedurende al ses jare gedoen word. Ook skakel die studente by hul plaaslike gemeentes in, waar hulle die geleentheid kry om hul gawes te gebruik en te ontwikkel. Ons dank die Here vir elke situasie waarin die studente gevorm word!

Tydens elke vergadering gee die Kuratore aandag aan die akademiese vordering van elke student. Ons is dankbaar-opgewonde oor die uitslae van die meeste studente en besef dat die Here gawes gee wat deur harde werk vrug dra. Tegelykertyd besef ons ook dat die studente dikwels in uitdagende omstandighede leef. Daarom roep ons ook die kerke op om voortdurend vir ons studente te bly bid ... dat die Gees hulle steeds met Sy krag en liefde sal vul!

4 VERHOUDING MET DIE NWU

Die Kuratore het in Februarie 2022 ‘n brief aan elke kerk gestuur waarin kortliks aandag gegee is aan die oprigting van die Gereformeerde Teologiese Akademie (GTA) deur die Kuratorium. Die GTA is opgerig in die lig van veranderinge wat weens veranderende wetgewing aan die ooreenkoms tussen die GKSA en Noordwes Universiteit gemaak moet word – waaroor die Algemene Sinode van 2023 DV sal moet besluit.

Daar word ook indringend gewerk aan die daarstel van ‘n Nagraadse Diploma in Gereformeerde Teologie wat in die toerusting van ons finalejaar-studente gebruik gaan word.

5 EXPANDO

Die Kuratore het aandag gegee aan die werk wat deur Expando gedoen word. Expando is die liggaam wat binne die GKSA dien om die gesond-wees en groei van kerke te stimuleer en fasiliteer. Spesifiek word gemeentes ondersteun in ‘n groei-proses, toerusting vir gemeente-lede en amps-draers word ontwikkel, ondersteuning word gebied in die proses van kerkplanting, terwyl ook aandag gegee word aan die eiesoortige uitdagings van bediening in plattelandse gemeentes. Hierin neem prof. Gert Breed - na sy emeritering – op ‘n besondere manier leiding!
Die Kuratore is dankbaar oor hierdie werk en wil kerke oproep om in hul eie situasie van die dienswerk van Expando gebruik te maak. Ons bid dat Expando se werk tot die uitbou van die Here se Koninkryk sal bydra.

6 DIE PAD VORENTOE

Met die vergadering van die Kuratore aan die einde van 2021 het die Kuratore die Here se genade erken en gebid dat die Here elkeen wat by die teologiese opleiding betrokke is, sal seën. Agt maande later kan ons net die Here se groot genade bly erken!

Te midde van baie uitdagings stap ons as Kuratore die volgende maande met vertroue binne. Wat die toekoms gaan oplewer, weet ons nie nou nie. Maar ons bly nederig-afhanklik van die Here leef, want: *As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen* (Jak. 4:15). Mag Hy sy kerke en ook die opleiding van ons teologiese studente elke dag genadig wees!

Namens die Kuratore

U broers in Christus
Reinder Kingma / Pieter Kurpershoek

GEREFORMEERDE TEOLOGIESE WERKSGEMEENSKAP
REFORMED THEOLOGICAL SOCIETY

Die Jaarlikse Konferensie van die Gereformeerde Teologiese Werkgemeenskap (GTW) vind DV Dinsdag **27 September 2022** in Potchefstroom en aanlyn plaasvind.

Venue: **Kamer 204, Fakulteit Teologie Gebou, NWU / Aanlyn**

Tema: **Gereformeerde bediening vandag: Impak, uitdagings en geleenthede**

Program

08:00-08:15 Aankoms en registrasie
08:15-08:30 Opening en verwelkoming
08:30-09:40 Sessie 1: Covid-19 en die bediening

- Wim Vergeer: Die effek van die Covid-19 pandemie op kerke: 'n Empiries-vergelykende studie
- Francois Muller: Heilige nagmaal gedurende Covid-beperkinge
- Paneelbespreking

09:40-10:45 Sessie 2: Sekularisasie

- Koos Vorster: Worsteling met sekularisasie en semper reformanda
- Daniël Maritz: Deur die Skrif en Rede: Die belangrikheid van filosofie m.b.t. sekularisasie
- Paneelbespreking

10:45-11:15 Koffie / tee
11:15-13:00 Sessie 3: Tegnologie, pastoraat en sending

- Jannie Erasmus: Die gebruik van tegnologie in die bediening van klein plattelandse gemeentes
- Gert Breed: Identiteit, dissipelskap, indikatief en imperatief as noodsaaklike elemente van effektiewe pastoraat
- Naas Ferreira: Die herindiensstelling van Christelike geleerdheid tot die sending van die plaaslike gemeente
- Paneelbespreking

13:00-14:00 Middagete
14:00-16:30 Sessie 4: Christelike leierskap

- Chaka Mathundela: 'n Bloudruk vir etiese publieke dienende leierskap: President Ramaphosa se "Thuma mina"
- Johan Fleischmann: Die behoefte aan Christelike dienende leierskap

- Francois Viljoen: Opgeblaasde eiebelang of nederige Christelike leierskap; refleksies uit Matteus 23:3-12
- Albert Coetsee: Beginsels vir Bybels gemodelleerde geestelike leierskap uit Deuteronomium en Hebreërs
- Paneelbespreking

16:30-17:00 Besigheidsvergadering en afsluiting

Om vir die konferensie te registreer, stuur asb. jou kontakbesonderhede en bewys van betaling aan Mohau Ntlhe (mohau.ntlhe@nwu.ac.za) voor 15 September.

Die koste om persoonlik by te woon is R300 (dit sluit middagete en verversings in); aanlynbywoning is R100.

Rekeningnaam: In die Skriflig
Bank: ABSA
Tak: 632 005
Tjekrekeningnommer: 670 411 664
Verwysing: RTS + van



GK Viljoenskroon – te koop

Die volgende is te koop

- Orrel
- Kansel
- Banke.

Skakel br. Boet Wienand by 082 888 1708 vir verdere inligting.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Daar is immers net een God, en

daar is net

een Middelaar tussen God en die

mens, die

mens Christus Jesus wat Homself as ‘n

losprys vir almal gegee het. Dit was op die

bestemde tyd die bewys van die bedoeling van God.

1 Timoteus 2:5 en 6